Noordelike Sinode

TAAKSPAN BEGROTING 1&2&3&4

Verslag

1. SAMESTELLING, BELEID EN WERKSWYSE

1.1. Taakspanlede

Die volgende persone het in die afgelope termyn in die vier jaarlikse taakspanne gedien. Rehan Rheeder (taakspanleier), Pieter Brynard, Andries Smal, Wynand Swart, Theresé Cilliers, Arend Hattingh, Wynand van Niekerk, Paul Grobler (ampshalwe).

Die taakspan se opdrag is elke jaar herhaal. Daar was dus in wese vier taakspanne: Taakspan Begroting 1 (2023/24), Taakspan 2 (2024/25) en Taakspan Begroting 3 (2025/26), Taakspan Begroting 4 (2026/27).

1.2 Konteks

Die Noordelike Sinode bestaan uit al die gemeentes in sy gebied. Alle sinodale fondse behoort dus in die laaste instansie aan die gemeentes. Daar word deur gemeentes, in sitting as die sinode, besluit op ‘n strategiese rigting en sekere fokusareas wat vir die sinode belangrik is. Hierdie fokusse word deur die SDR geprioritiseer en met die fokusareas en prioriteite as uitgangspunt, word die begroting jaarliks opgestel.

1.2. Bronne

Die sinode se begroting word uit drie bronne gefinansier:

- Geld wat van gemeentes ontvang word in die vorm van bydraes vir gesamentlike werk,
- Opbrengs op belegging. Die belegging dien ook as waarborgfonds vir dié emeriti wat kwalifiseer, se mediese subsidies. Diebelegging het nie ontstaan uit fondse wat direk van gemeentes ontvang is nie, maar uit die verkoop van eiendomme soos die Sinodale Sentrum in Visagiestraat, ‘n aandeel in die Van Riebeeckgebou, asook die plase Kranskop en Bethesda wat a.g.v. grondeise, deur die staat gekoop is.
- Ander moontlike skenkings.

1.3. Zero-basis benadering

Dit impliseer dat daar elke jaar, met arbeidsregtelike riglyne in ag geneem, de novo na elke item op die begroting gekyk word in terme van die prioriteit en bekostigbaarheid.

1.4. Inkomste gedrewe

Eers nadat dit bekend is wat die beraamde beskikbare inkomste is in terme van bydraes vir gesamentlike werk en die opbrengs op beleggings, word die begroting opgestel.

2. BEGROTINGSKATEGORIEË

Die sinodale begroting bestaan uit twee kategorieë:

- **Bediening**, wat o.a. insluit gesamentlike werk (diakonaat, jeug, kerkverband, mediese subsidies aan emeriti wat kwalifiseer en NG Kerk familie, en so meer), asook bedieningsondersteuning aan gemeentes.
- **Bedryf,** wat o.a. insluit administrasie, vergoeding en voorsienings (verlof, sinodesittings).

Tans is die verdeling tussen bediening en bedryf, 70-30. Die bediening word uit die bydraes van gemeentes befonds en die bedryf uit die opbrengs van die belegging.

3. TAAKSPAN

3.1. Die lede van die taakspan word jaarliks by die laaste SDR-vergadering van die kalenderjaar aangewys, om die begroting vir die volgende finansiële jaar op te stel.
3.2. Die Ringsverteenwoordigers vir Finansies (RVF) van al die ringe vergader jaarliks in November om insette rakende die begroting te maak.
3.3. Daarna word die begroting aan die moderatuur (SDR-dagbestuur) voorgelê vir insette, waarna die begroting aan die SDR voorgelê word vir goedkeuring.
3.4. Die SDR neem die begroting in behandeling, wysig dit indien nodig en keur dit goed wanneer hulle tevrede is.
3.5. Die begroting kan daarna slegs deur die SDR gewysig gword op versoek van die moderatuur.

4. RINGSVERTEENWOORDIGERS VIR FINANSIES

Vir die doel van skakeling m.b.t. finansies tussen die SDR en gemeentes, wys elke ring ’n Verteenwoordiger vir Finansies (RVF) aan. Die volgende is belangrik:

4.1. Die RVF word verkieslik vir 4 jaar aangewys, van sinodesitting tot sinodesitting.

4.2. Ter wille van gesonde kommunikasie rakende finansies, word die RVF adviserend deur die ringskommissie betrek by alle aangeleenthede rakende finansies.

4.3. In enige geval waar die Taakspan vir Bedieningsondersteuning konstitueer om ’n aansoek rakende ’n ringsgemeente te hanteer, of vir welke rede wat finansies raak, is die RVF ex officio lid van die taakspan.

4.4. In enige saak rakende finansies is die RVF die eerste punt van aanmelding vir óf die ring/gemeente óf die Sinodehuis.

5. FUNKSIES VAN DIE RINGSVERTEENWOORDIGER (RVF)

Die RVF hanteer die proses rakende die vasstelling en invordering van bydraes vir gesamentlike werk soos verder omskryf. Sy/hy:

5.1 Staan ring by m.b.t. finansiële navrae en aansoeke vir bedieningsondersteuning deur gemeentes;

5.2 Bied ondersteuning aan gemeentes met die opstel van begrotings vir, en voltooiing van vorms (bv BGW 2) vir tydige indiening by die Sinodehuis;

5.3 Is die finansiële beampte behulpsaam om die finansiële state van gemeentes binne hul ring tydig in te vorder na jaareinde oudits;

5.4 Is die Sinodehuis se finansiële beampte behulpsaam daarmee om die semesterverslae van gemeentes binne sy/haar ring tydig in te vorder na die einde van Augustus;

5.5 Kontroleer dat finansiële verslae van gemeentes binne sy/haar ring by ringsittings dien, en adviseer die ring m.b.t. die finansies van gemeentes;

5.6 Kontroleer dat gemeentes binne sy/haar ring se verpligting teenoor die SAID, ooreenkomstig die Inkomstebelastingwet, nagekom word;

5.7 Hanteer alle ander kommunikasie rakende finansies tussen gemeentes en die SDR.